LEERDER NOMMER	

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2010
GRAAD 9 AFRIKAANS: EERSTE ADDISIONELE TAAL
VORM A

VAN _____ **GESLAG (MERK ☑)** | **SEUN** | **DOGTER** |

NAME _____ **PROVINSIE** _____

GEBOORTEDATUM _____

NAAM VAN SKOOL _____

EMIS NR. _____ **DISTRIK / STREEK** _____

Instruksies aan leerders

1. **Lees alle instruksies sorgvuldig deur en beantwoord alle vrae.**
2. **Beantwoord die vrae op die lyne soos voorsien.**
3. **Hierdie toets duur 2 ure.**

Lees die onderstaande gedeelte en gebruik dit om vrae 1 tot 12 te beantwoord.

Mpho se eerste visvanguitstappie

1. Mpho maak Tom net voor sonop wakker. Hy het nou al ure lank vir sy slapende neef op die ander bed gestaar. Uiteindelik kon hy nie meer uithou nie en het hom gevra of dit nie reeds tyd is om te vertrek nie. Tom het die eerste ligstrale deur die venster gesien, uitgerek en saamgestem.
2. Hulle het reeds die visgerei die vorige nag gepak en was dit nie nou nodig om vir visstokke, aas en hoeke te soek nie. Kort daarna bokspring hulle die skuinste af in die dam se rigting, terwyl die son in die ooste rys. Die gras was nog nat van die dou , maar dit het Mpho min geskeel.Sy gedagtes was net by die karp wat hy vandag in die dam gaan vang.
3. Hy het gisteraand na al die visvangstories geluister. Sy pa en oom het vertel hoe hulle as seuns vis gevang het in Mpumalanga se damme. Hulle het ook vertel van die visse wat gevang was in die Tugela rivier en toe die verskille bespreek tussen visvang in ‘n rivier en in ‘n dam. Mpho wil sy eie visvangstorie vir sy skoolmaats in Jozi vertel.
4. Die seuns het ‘n goeie plek op die oewer, ver van riete,gevind en die visgereitrommel oopgemaak. Tom wys daarna na ‘n plastiese houer met ingedrukte gaatjies. “ Neem ‘n wurm en ryg dit om ‘n hoek,” het hy gesê. Mpho het die houer oopgemaak en die kriewelende wurms op koerantrepies gesien. Hy het een wurm uitgehaal en sy hoek daardeur geryg. Toe gooi hy sy lyn in die water en gaan sit in afwagting.

1. Hoekom het Mpho,Tom wakker gemaak? (1)

_____

_____

2. Omkring die letter met die regte antwoord.

Watter van die volgende woorde sal Mpho se gevoelens die beste beskryf? (1)

A. Moeg en slaperig

B. Gelukkig en uitgerus

C. Ongelukkig en bedruk

D. Opgewonde en vol geesdrif

3. Noem een ding wat Mpho se pa en oom vir die seuns vertel het . (1)

_____

_____

4. Omkring die letter met die regte antwoord.

Gee die betekenis van "visvang" in die leesstuk: (1)

A. Om aan die slaap te raak.

B. Om visse in die hande te kry.

C. Iets uit te vind van iemand wat niks weet nie.

D. Om iemand of iets te vang.

5. Omkring die letter met die regte antwoord: (1)

Hulle ... gisteraand die visgerei ingepak.

A. was

B. sal

C. gaan

D. het

6. Omkring die regte keuse van die woorde in hakkies. (1)

Mpho (moet / sal / het / moes) 'n wurm losmaak van die bondel wurms, voordat hy dit aan die hoek kan ryg.

7. Skryf die sin in die indirekte rede oor. (1)

" Haal 'n wurm uit en ryg dit om 'n hoek," het Tom gesê.

_____

8. Skryf die volgende sin in die lydende vorm oor. (1)

Die seuns maak die trommel oop.

_____

9. Beantwoord die volgende vraag. (1)

Hoekom het die seuns die spesifieke plek gekies op die oewer?

_____

10. Omkring die letter met die regte antwoord.

Waarom het Tom na die plastiese houer gewys? (1)

A. Dit was hulle kos.

B. Daar was lekkers in.

C. Die wurms was daarin.

D. Die houer het gaatjies gehad.

11. Omkring die letter met die regte antwoord.

Hoekom het Mpho 'n wurm gesoek? (1)

A. Om dit vir Tom te gee.

B. Om dit op te hang oor 'n hoek.

C. Te gebruik vir aas.

D. Dit te ondersoek.

12. Gestel Mpho skryf die onderstaande SMS vir sy vriend Jan en hy gee dit vir jou om taalkundigte versorg. Herskryf die paragraaf met korrekte Afrikaanse taalgebruik en spelling. (5)

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

13. Gee die regte vorm van die onderstreepte woord in elke sin:

a) Jan het dit gister anders <u>doen</u> as wat hy dit vandag sal doen. _____ (1)

b) Mpho het baie <u>vroeg</u> as Tom wakker geword. _____ (1)

c) Hy het 'n <u>groot</u> vis gevang as Piet._____ (1)

14. Vul die ontbrekende woorde in.

a) Soggens kom die son op en saans gaandie son _____. (1)

b) Wie het uit die huis _____ geloop. (1)

15. Skryf die meervoud neer van duif. _____ (1)

16. Skryf die afkorting van kilogram neer. _____ (1)

Lees die volgende gedig en gebruik dit om vrae 17 tot 22 te beantwoord.

Muskiete-jag

Deur AD Keet

Jou vabond, wag ek sal jou kry
van jou sal net 'n bloedkol bly
hier op my kamermure.
Deur jou vervlakste gonsery,
deur jou gebyt en plaery
kon ek nie slaap vir ure.
...

Verwekker van malaria,
sing maar jou laaste aria -
nog een minuut van grasie.
Al soebat jy nou nog so lang,
al sê jy ook, ek is nie bang,
nooit sien jy weer jou nasie.

Hoe sedig sit hy, o, die ding!
Sy kinders kan maar kranse bring,
nou gaan die vabond sterwe.
Pardoef ! Dis mis ! Daar gaan hy weer !
Maar dood sal hy, sowaar, ek sweer -
my naam is Van der Merwe !

17. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Hoekom het die digter gesukkel om te slaap?

A. Hy het gesing.

B. Hy het gaan jag.

C. Hy was bang vir malaria.

D. ‘n Muskiet het hom gebyt en pla.

18. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Wat is die betekenis van “ ... sing maar jou laaste aria” ?

A. ‘n Muskiet is ‘n musikale insek.

B. Die muskiet sing die laaste keer voor hy doodgaan.

C. Die muskiet sing die laaste deel van die liedjie.

D. Die muskiete sing vir oulaas saam in ‘n koor.

19. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Die muskiet was ...

A. wild.

B. wreed.

C. lastig.

D. goor.

20. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

“Die blare sing in die wind” is ‘n voorbeeld van:

A. Vergelyking

B. Alliterasie

C. Assonansie

D. Personifikasie

21. Kies woorde uit die gedig, wat sal aandui dat die digter die muskiet nie raakgeslaan het nie. (1)

22. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

'n Gereelde maatslag in die hele gedig, staan bekend as

A. Ritme

B. Rym

C. Vergelyking

D. Alliterasie

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord vrae 23 tot 27.

WAARHEID of WAAGMOED?

Onbestwisbaar 'n waagmoed, want ek is 'n CLEO meisie.

Ek **glimlag** eerder as om te grynslag! Ek het 'n **houding, posseer** en kruip nie weg nie!

Ek **doen** en droom nie! Ek **voltooi suksesvol** en gee nie op nie!

Uiteindelik is daar 'n tydskrif wat my weerspiëel.

Ek is 'n CLEO meisie en besoek die wêreld!

Die nuwe CLEO tydskrif is NOU TE KOOP.

23. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Watter onderwerpe verwag jy in hierdie tydskrif?

A. Motorkarre /advertensies/ rekenaars.

B. Diere stories/ advertensies / grappe.

C. Aktueel/ modes/ beroepskeuse.

D. Brei/ hekel/resepte.

24. Gee 'n rede vir jou antwoord in vraag 23. (1)

_____

25. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Wie is die teiken van hierdie teks?

A. Alle lesers

B. Die skrywer

C. Jong vroue

D. Die jeug

26. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Wie se uitgangspunt is in hierdie teks gebruik?

A. ‘n Jeugdige misdadiger

B. ‘n Besigheidsman

C. ‘n Tienerseun

D. ‘n Doelgerigte meisie

27. Omkring die letter met die regte antwoord.

Hoekom sal hierdie teks sy mark bereik? (1)

A. Die teks in die advertensie trek ‘n leser aan.

B. Die vetgedrukte woorde trek aandag.

C. Die taal en toon is van toepassing.

D. Daar is baie leestekens.

28. Lees die gedeelte hieronder en identifiseer ten minste sewe belangrike feite oor posduiwe. Skryf jou feite op die gegewe lyne neer. Die feite mag puntsgewysneergeskryf word. (7)

Posduiwe

Mense het duiwe deur di e eeue gebruik om boodskappe aan mekaar oor te dra. In die 12de eeu was groot duiwehokke deel van die koninklike paleise in Irak en Sirië en is die konings so ingelig oor hul generaals se oorwinnings of neerslae op die oorlogsveld. Eintlik was duiwe nog steeds in algemene gebruik om boodskappe oor te dra tot en met die Tweede Wêreld Oorlog.

Die posduiwe was meestal tot voordeel van 'n land gebruik en nie net vir 'n individu nie. Die voëls was soms die vinnigste en betroubaarste metode om boodskappe te stuur, asook om dit ver agter vyandelike linies oor te dra, waar radio's en veldtelefone van geen nut was nie. Omdat die duiwe maklik van vliegtuie en skepe losgelaat kon word, het elke tak in die weermag van die duiwe gebruik gemaak. In die Tweede Wêreld Oorlog het meer as 3000 soldate en 150 offisiere die tienduisende voëls in die U.S. Pigeon Service versorg en afgerig. Sekere duiwe is afgerig om spesifiek take te doen en het ook tot 'n rype ouderdom van 32 jaar geleef.

Dit is gevaarlik om boodskappe te dra. Party duiwe het hul so goed van hul taak gekwyt dat hulle bekend geword het en met medaljes toegeken is, soos England se Dicken Medal of Gallantry. 'n Paar duiwe was ook krygsgevangenis. Cher Ami was seker die mees befaamde duif ooit. Gedurende die Eerste Wêreld Oorlog was hy gestasioneer in Frankryk en het hy twaalf belangrike boodskappe vir die Amerikaanse Magte oorgedra. Gedurende sy laaste opdrag was hy gewond, maar het hy nog steeds die boodskap afgelewer wat die lewens van 194 Amerikaanse soldate gered het. Vir hierdie uitsonderlike diens is die Franse "Croix de Guerre" aan hom toegeken.

Posduiwe is 'n effe ander ras as die gewone straatduiwe wat ons ken. Hulle is slanker en langer met sterker bene. Baie mense vind posduiwe onaantreklik as gevolg van die groot lel, 'n knopperige veluitgroeisel, bo-op die bek. Duiwetelers hou van hierdie aardigheid en sien dit as 'n kenmerk om , in hulle opinie, die beste ras aan te wys.

Moderne kommunikasie metodes dra inligting honderd keer vinniger as posduiwe tussen plekke oor. Min mense sal dit teenstaan dat posduiwe, veral die duiwe wat in oorlogstye gebruik is, hul plek indie geskiedenis verdien het. Stories oor brawe duiwe soos Cher Ami, President Wilson en Colonel's Lady kan ons ook inspireer wat geen faksmasjien of hoëspoed internet verbining ooit kan doen nie.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Bestudeer die gegewe tabel wat handel oor die aantal kinders wat betrokke was in padongelukke. Beantwoord daarna vrae 25 tot 30.

	VOETGANGERS				FIETSRYERS			
Ouderdomsgroep in jare	0-3	4-7	8-11	12-15	0-3	4-7	8-11	12-15
Sterfgevalle	99	324	111	921	1	81	111	117
Ernstig beseerdes	299	4873	1427	2479	41	500	2710	4020
Lig beseerdes	1026	1499	7098	4000	98	4861	1953	8169

29. Omkring die letter met die regte antwoord.

In watter ouderdomsgroep, onder die voetgangers, kom die meeste noodlottige (sterfgevalle) padongelukke voor? (1)

A. 0-3

B. 4-7

C. 8-11

D. 12-15

30. In watter ouderdomsgroepe het voetgangers en fietsryers dieselfde aantal ongelukke ? (1)

_____

31. Omkring die letter met die regte antwoord.

Hoeveel kinders, wat óf geloop óf fiets gery het, het in padongelukke gesterf? (1)

A. 1455

B. 1765

C. 310

D. 816

32. Omkring die letter met die regte antwoord.

In watter ouderdomsgroep is die minste kinders in padongelukke betrokke**?**

(1)

A. 0-3

B. 4-7

C. 8-11

D. 12-15

33. Omkring die letter met die regte antwoord.

Watter ouderdomsgroep het onder fietsryers die meeste sterfgevalle**?** (1)

A. 0-3

B. 4-7

C. 8-11

D. 12-15

34. Suid-Afrika het ook ‘n nasionale lotery, wat bekend staan as **LOTTO.** Die hele land sit elke Woensdagaand en Saterdagaand vasgenael voor die televisie om die trekking te volg. Gee nou jou mening oor die lotery.

Skryf twee paragrawe waar jy die lotery óf teenstaan óf ondersteun. Punte sal toegeken word vir beplanning, logika, taalgebruik en leestekens (punktuasie). **(10)**

TOTAAL: 56 PUNTE